

Dubbelle Burgerskap

Fil 3:20 (1983)

Maandag 12 April 2021

20 “Maar ons is burgers van die hemel, van waar af ons ook die Here Jesus Christus as Verlosser verwag.”

Hoe belangrik is jou geboorteland, of vaderland vir jou?

Hoe belangrik is Suid Afrika vir jou? Baie mense verlaat die land en emigreer wat vir ons wys dat ons ons Geboorteland, Vaderland sal verlaat vir ’n moontlike beter land.

Die gemeente in Filippie het tydens Paulus se tweede sendingreis tot stand gekom (Hand 16:11-40). Dit was die eerste gemeente in Europa. Filippi was ’n kosmopolitaanse stad, en die gemeente het uit mense van uiteenlopende nasionaliteite bestaan.

Ons Ewige Vaderland waar ons Burgerskap lê.

Hier verduidelik Paulus baie duidelik dat ’n Christen se burgerskap in die hemel alleen is. Die hemel is ons Vaderland, ons Tuisland, dit is daar waar ons burgerskap is. In **1 Pet 2:11** lees ons: “*Geliefdes, in die wêreld is julle vreemdelinge en bywoners. Daarom dring ek by julle daarop aan om nie aan sinlike begeertes toe te gee nie. Dit verwoes net ’n mens se lewe. 12) Gedra julle altyd goed onder die heidene, sodat, al praat hulle kwaad van julle asof julle misdadigers is, hulle julle voorbeeldige lewe kan sien en God kan verheerlik op die dag van afrekening.*”

In die wêreld **IS** ons vreemdelinge en bywoners. Dit beteken ons het geen reg waarop ons op die aarde aanspraak kan maak nie. Die inwoners van Filippie, was Romeinse burgers en kon daarom, op die regte en voorregte van Rome aanspraak maak. Christene, ons as burgers van die hemel, het dus slegs regte as burgers van die hemel, daarom is ons hier op aarde bywoners en vreemdelinge. Omdat ons as christene, se burgerskap in die hemel is, moet dit maak dat ons beter mense op aarde is. Die geesvervulde mens behoort nie deur die dinge op die aarde aangetrek te word nie.

Mark 8:36 “*Wat help dit ’n mens tog om die hele wêreld as wins te verkry en sy lewe te verloor?*”

Lot het die beste weiveld gekies op aarde, omdat sy waardes wêrelds was, maar uiteindelik het hy alles op aarde verloor. **Moses** het die plesier en aardse voordele van Egipte verloën, deurdat hy eerder aan God gehoorsaam wou wees en ’n beter vaderland verwag het. Vgl. Heb 11:24-26.

Wat beteken dit dat ons burgers van die hemel is?

Ons name is in die hemelse boek opgeskryf.

Dit is vandag nie net belangrik nie, maar ondenkbaar dat jou naam nie op een of ander land se register as ’n burger geskrywe staan nie. Daarom word babas by geboorte reeds geregistreer. Daarom het elkeen of ’n geboorte-sertifikaat of ’n ID boekie as jy 16 word. Wanneer ’n christen gebore word, waar ookal in die wêreld, is die belangrikste dat sy/haar naam in die hemelse register opgeteken word.

Fil 4:3 “*...wie se name in die boek van die lewe staan.*”

Geliefdes ons moet nie ons hemelse burgerskap geringskat nie.

Ons hemelse burgerskap bepaal uiteindelik ons ingang na die hemel. Hierdie burgerskap het ons verkry deur in Jesus Christus alleen te glo.

Luk 10:20 “*...wees veral bly omdat julle name in die boek van die lewe geskrywe staan.*”

Ons is burgers van die hemelse koninkryk. Jesus Christus is ons Koning. Ons hoef nie bang te wees vir wat mot en roes kan verniel en waar diewe inbreek en steel en moor nie. Nee ons het ’n ewige Vaderland in die hemel, waar diewe nie kan inbreek en steel nie. ’n Ewige Vaderland waar geen pyn, hartseer of lyding is nie, maar net ’n ewige vreugde in die Here.

(Ds Gerrit Kruger Gereformeerde Kerk Centurion. Sel 082 964 5595)